| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS<br>EERSTE ADDISIONELE TAAL |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 15 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| **AFDELING B:** | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| **AFDELING C:** | Taal (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Beantwoord **AL** die vrae.

3. Begin **ELKE** afdeling op ’n **NUWE** bladsy.

4. Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.

5. Trek ’n streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ’n reël oop ná **ELKE** antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   **AFDELING A:** 50 minute
   **AFDELING B:** 30 minute
   **AFDELING C:** 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL EN SPOTPRENT

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

**SARAY KHUMALO WORD DIE EERSTE SWART VROU VAN AFRIKA OM EVEREST TE OORWIN**



1. "Jy oorwin nie die berg nie, jy oorwin jouself," sê Saray Khumalo (47), die eerste swart vrou van Afrika wat op die bergpiek van Mount Everest gestaan het.
2. Sy het nooit daarna gemik om dié prestasie te behaal nie, maar sy is nou baie dankbaar en trots daarop.
3. "Ek het dit gedoen vir mense wat soos ek gevoel het; kinders met 'n droom en vroue wat gehoor het hulle kan sekere goed nie doen nie."
4. Hierdie enkelma en sakevrou is in Zambië gebore en het twee seuns (16 en 21). Saray was een van sewe dogters, die enetjie wat boom geklim het, nuwe dinge probeer het en avontuur nagejaag het.
5. "My ma was nie ryk nie, maar sy het vir ons die geleentheid geskep om nuwe dinge te leer. Daar was dalk nie geld vir die skoolsnoepie nie, maar daar is altyd 'n plan gemaak vir ekstra lesse. Ek het 'n groot passie vir opleiding, want dis al hoe ons toekomstige leiers kan help om 'n beter toekoms vir hulleself te skep. Die enigste manier hoe Afrika kan beter en sterker word, is as ons opvoeding 'n prioriteit maak."
6. Dis een van die grootste redes waarom Saray die hoogste berge in die wêreld uitklim: om geld vir biblioteke en weeskinders in te samel. Tot dusver het sy al vier biblioteke befonds en die Everest-ekskursie het R130 000 vir weeskinders ingesamel.
7. Sy het in 2014 die eerste keer probeer om Everest te oorwin, maar ná 'n sneeustorting, waarin 16 bergklimmers dood is, is die basiskamp gesluit. Die

volgende jaar was Saray seker sy gaan Mount Everest se kruin bereik, hoewel haar ekspedisie vroeg-vroeg amper dood is. Haar gepakte duffelsakke is twee weke voor haar vertrek uit haar huis gesteel. Die polisie het dit byna dadelik teruggekry en sy het gevoel dis ’n goeie teken dat sy suksesvol gaan wees. En toe ... ry ’n aardbewing in Nepal hul ekspedisie in die wiele. In 2017 het besonder ysige weerstoestande die ekspedisie getref. Saray moes as gevolg van vriesbrand omdraai.

8. Maar op 16 Mei 2019, om halfnege die oggend, het die Suid-Afrikaanse vlag in Saray se hand op die hoogste kruin in die wêreld gewapper. “Ná die drie onsuksesvolle pogings het ek dié sukses nog meer waardeer. Die ervarings van die vorige ekspedisies het gehelp om my daar te kry. Dit het my geleer dat jy teleurstelling in oorwinning kan verander. Ek was so oortuig dat ek dit in 2015 sou regkry, maar ná die aardbewing het ek my afgevra of dit ’n mislukking was. Nee. Ek het gaan sit en alles neergeskryf wat ek uit die ervaring geleer het en dit in iets positiefs verander. Hierdie uitkyk het ek agterna in my persoonlike lewe en loopbaan met groot sukses toegepas. Ek het soveel uit die onsuksesvolle pogings geleer en dit het die oorwinning uiteindelik soveel soeter gemaak.”

9. Tog het haar oorwinning op Everest ook hartseer gebring toe een van hul groeplede, Seamus Lawless, op hul terugtog verongeluk het. Altesaam elf klimmers het in Mei op Everest gesterf. Saray weet baie goed van die hoë risiko’s van haar avontuurtogte. “Ek en my seuns gesels gereeld oor my ekspedisies en ek het hulle verseker dat ek nie onnodige kanse sal waag en my lewe in gevaar sal stel nie. Ek hoop dit stel hulle gerus. Hulle weet hoe hard ek hiervoor gewerk het. Ek hoop hulle leer hieruit dat ons nie kan wag dat die wêreld ons help nie. Ons moet daarop fokus om vorentoe te beweeg.

10. Die les wat ek uit my bergklimmery geleer het, is dat niemand ons iets skuld nie. Ek hoop ook dat my Everest-sukses die deur vir ander sal oopmaak sodat dit makliker vir hulle is om te sien dat hulle dit ook kan doen.”

*[Bron verwerk uit: Rooi Rose, Vroue van staal,19 Augustus 2019]*

**LET WEL:**

- Beantwoord **AL** die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 VOLTOOI die sin hieronder deur woorde uit die artikel se opskrif in te vul.

Saray Khumalo is ’n vrou van (1.1.1) … wat (1.1.2) … oorwin het. (2)

1.2 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies om die sin te voltooi.

Die (47) in paragraaf 1 verwys na Saray se (ouderdom/geboortejaar). (1)

1.3 Hoe voel Saray daaroor dat sy Everest uitgeklim het? (1)

1.4 Watter boodskap wil Saray graag aan ander jong vroue oordra in paragraaf 3? (1)

1.5 Watter EEN woord in paragraaf 4 sê vir ons dat Saray ’n entrepreneur is? (1)

1.6 Hoe was Saray se kinderjare anders as haar susters se kinderjare? (1)

1.7 Waaruit kan jy aflei dat haar dogters se skoolwerk vir hulle ma belangrik was? (1)

1.8 Waarom is Saray passievol oor jongmense se opleiding? (1)

1.9 "… AFRIKA kan beter en sterker word …" (Reël 19)

1.9.1 Word hierdie sinsdeel LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.9.1. (1)

1.10 Watter TWEE redes motiveer Saray om hoë berge uit te klim? (2)

1.11 Hoe weet die leser dat Saray se bergklimmery nie fopnuus is nie? (1)

1.12 Saray het drie onsuksesvolle ekspedisies na Mount Everest gehad, voordat sy die vierde keer die berg se piek bereik het.

Kies die **BESKRYWING** in **KOLOM B** wat by die **JAAR SE EKSPEDISIE** in **KOLOM A** pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.12.1 tot 1.12.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | In 2014 … | A | was Saray oortuig daarvan dat sy die berg gaan oorwin. |
| 1.12.2 | In 2015 … | B | was Saray op die hoogste kruin in die wêreld. |
| 1.12.3 | In 2017 ... | C | was die basiskamp gesluit nadat 16 bergklimmers dood is. |
| 1.12.4 | In 2019 ... | D | was daar ’n massiewe aardbewing in Nepal. |
| | | E | was jongmense gehelp. |

(4x1) (4)

© SACAI KOPIEREG

1.13 "Dit het my geleer dat jy teleurstelling in oorwinning kan verander." (Reël 37 en 38)

Stem jy saam met hierdie lewensuitkyk van Saray? Motiveer jou antwoord. (1)

1.14 Waarom is dit ironies dat Seamus Lawless met die groep se terugtog dood is? (2)

1.15 Waarom is dit gevaarlik om Mount Everest te klim? Gee TWEE redes. (2)

1.16 Wat sou jy vir Saray Khumalo sê as jy die kans sou kry om met haar te praat? (1)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die onderstaande SPOTPRENT en beantwoord die vrae wat daarop volg.




*[Bron: Die Burger, 5 September 2022]*

1.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.17) neer.

Die man vra "W-W-WAT'S DIT MET JULLE ... W-W-WEET JULLE NIE DIS LENTE NIE?"

Met hierdie woorde "hoor" die leser hoe die man ...

A se tande op mekaar klap.
B se bene voel.
C se kop pyn.
D sing. (1)

1.18 Gee TWEE visuele aanduidings dat die mense baie koud kry. (2)

1.19 Die spotprentkunstenaar se doel met hierdie teks is om vir die leser te wys dat dit ’n sonskyn-lentedag is.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.20 Dink jy die teks is humoristies/snaaks? MOTIVEER jou antwoord. (1)

1.21 In watter koerant het hierdie spotprent verskyn? (1)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

- Som die SEWE **maniere om jou selfbeeld te verbeter** in jou EIE VOLSINNE op.
- Skryf die maniere puntsgewys neer.
- Nommer die maniere van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**VERBETER JOU SELFBEELD**

1. Selfbeeld gaan oor hoe ons onsself waardeer. Hierdie gevoelens word dwarsdeur ons leeftyd geskep, hoofsaaklik wanneer ons kinders is. Jy kan egter jou selfbeeld op enige stadium in jou lewe verbeter. Hier is maniere om jou selfbeeld ’n hupstoot te gee.
2. Identifiseer en daag negatiewe gedagtes uit. Dit gaan jou laat besef daar is min of geen waarheid in die negatiewe gedagtes nie. Verbeter jou fisiese gesondheid, want dit kan jou selfbeeld drasties verbeter.
3. Selfsorg kan jou help om te ontspan en goed te voel oor jouself. Om gereeld selfversorging te beoefen, kan ’n dieper liefde vir jouself skep en jou help om jou fisiese gesondheid meer te waardeer. Om gesonde gewoontes te ontwikkel neem tyd, maar kan baie lonend wees.
4. Skep verhoudings met mense wat vir jou omgee en jou ophef. Dit kan jou help wanneer jy op ’n laagtepunt is. Jy herken dalk sekere mense wat jou wonderlik laat voel en jy kan ’n goeie tyd saam met hulle hê sonder om minderwaardig of geoordeel te voel.
5. Probeer elke dag een ding doen wat jy uitdagend vind. Op die lang termyn sal jy jou selfbeeld verbeter en baie meer veerkragtig word.
6. Hou op om jouself met ander te vergelyk. Dit is moeilik met die media wat voortdurend adverteer hoe jy “veronderstel is om te lyk”.
7. As dit kom by wat jy in die lewe bereik het, moet jy jouself krediet gee waar dit verskuldig is. As jy konsekwent aktiwiteite soos hierdie doen, kan jy mettertyd jou selfbeeld bou en ’n beter lewensgehalte hê.

*[Bron verwerk uit: https://afrikaans.zenzilelife.com/blog/top-10-wenke-om-jou-selfbeeld-n-hupstoot-te-gee]*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

# AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




*[Bron: Google]*

3.1 Hoe versterk die prent van die lamp, stoel en laaikas die inhoud van die advertensie? (1)

3.2 Kyk weer na die advertensie. Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is:

Volgens die adverteerder is daar NIE plek vir die leser om sy/haar klere op te hang nie. (1)

3.3 Hoe kan jy die adverteerder kontak? (1)

3.4 **"... Potte | Panne | Ketel | Toaster | Messegoed ..."**

3.4.1 Wat is die funksie van die stippels aan die einde van die woord "Messegoed"? (1)

3.4.2 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord "Toaster". (1)

3.5 Volgens die advertensie is 'n "toesluitmotorhuis" beskikbaar.

Watter groep mense, dink jy, word waarskynlik hierdeur uitgesluit? (1)

3.6 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat vir jou sê die woonstel is veilig. (1)

3.7 **"SLUIT Wi-Fi EN WATER IN!!"**

Noem TWEE TEGNIEKE wat die adverteerder gebruik om die leser se aandag op hierdie inligting te vestig. (2)

3.8 Sal hierdie advertensie jou beïnvloed om tot aksie oor te gaan? MOTIVEER jou antwoord. (1)

**[10]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS E**

***MEESTER*** **– Danie Cronjé**




*[Bron verwerk uit: http://meester.yolasite.com/strokies.php]*

4.1 Hoe kan ons uit Meester se gesigsuitdrukking sien dat hy kwaad is? (RAAMPIE 1) Noem TWEE dinge. (2)

4.2 Waaruit kan die leser uit die praatborrel aflei dat Meester die woorde skree? (RAAMPIE 1) (1)

4.3 Kyk na RAAMPIE 2.

4.3.1 Waarom raas Meester met Neelsie? (1)

4.3.2 Dink jy Neelsie steur hom aan Meester?
MOTIVEER jou antwoord met TWEE redes. (2)

4.3.3 Voltooi die vergelyking.
Neelsie is so koel soos 'n ... (1)

4.3.4 Dink jy dit is reg dat Meester so kwaad word?
MOTIVEER jou antwoord. (1)

4.4 Meester se woorde in RAAMPIE 3 is ironies. Voltooi die sin hieronder.
Meester sê hy is in 'n goeie bui, MAAR ... (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

Onderwysers moet hare op hulle tande hê, beteken hulle moet ... wees met hulle stoute leerders.

A geduldig
B gespanne
C geïrriteerd
D gefrustreerd (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

### 5.1 ARTIKEL

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**VERANDER JOU GEDAGTES EN JY VERANDER JOU LEWE!**

1. 
Jy is die enigste persoon in die (5.1.1) (wereld) wat jouself kan motiveer om dinge te doen. Jy moet jouself motiveer (5.1.2) (jou drome bewaarheid). (5.1.3) (Motiveer) jouself sodat jy kan wen! Daar is verskeie (5.1.4) (manier) om dit te doen. Jy sal sien. (5.1.5) (Dit is moeilik.)

2. Jy kan negatief word, maar dit is net ’n mors (5.1.6) (van/op/met) tyd. Jy moet nooit negatief wees nie, want dit gaan jou wegdryf van jou doelwit af. (5.1.7) (Negatiewe gedagtes kan die lewe uit jou dreineer. Dit kan jou fisiese en emosionele welstand benadeel.)

3. Die belangrikste van alles is nie geld of jou (5.1.8) (toekoms) loopbaan nie, maar jou geluk. Geniet jouself! Daar gaan altyd (5.1.9) (druk) en stres wees. Moenie dat dit jou geluk steel nie. Motiveer jouself (5.1.10) (d.m.v.) geluk. Om gelukkig te wees, is een van die (5.1.11) (sterk) motiveringstegnieke. Wees (5.1.12) (gelukkig). Voel gemotiveerd. Geniet die skoonheid wat die lewe het om te (5.13) (bied). As jy onmiddellike hulp nodig het, kontak asseblief SADAG Geestesgesondheidshulplyn op 011 234 4837.

*[Bron verwerk uit: https://afrikaans.zenzilelife.com/blog ]*

5.1.1 Gee die KORREKTE SPELLING van die woord tussen hakies.

Jy is die enigste persoon in die (wereld) wat jouself kan motiveer. (1)

5.1.2 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Jy moet jouself motiveer (jou drome bewaarheid). (1)

5.1.3 Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

(Motiveer) jouself sodat jy kan wen! (1)

5.1.4 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Daar is verskeie (manier) om dit te doen. (1)

5.1.5 Skryf die hele sin oor in die NEGATIEWE VORM.

Dit is moeilik. (1)

5.1.6 Kies die KORREKTE VOORSETSEL uit dié tussen hakies.

Jy kan negatief word, maar dit is net ’n mors (van/op/met) tyd. (1)

5.1.7 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Negatiewe gedagtes kan die lewe uit jou dreineer. Dit kan jou fisiese en emosionele welstand benadeel. (dus) (2)

5.1.8 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Die belangrikste van alles is nie geld of jou (toekoms) loopbaan nie, maar jou geluk. (1)

5.1.9 Gebruik die HOMONIEM van **druk** in ’n sin sodat **’n ander** betekenis duidelik blyk.

Daar gaan altyd **druk** en stres wees. (1)

5.1.10 Skryf die AFKORTING tussen hakies uit.

Motiveer jouself (d.m.v.) geluk. (1)

5.1.11 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Om gelukkig te wees is een van die (sterk) motiveringstegnieke. (1)

5.1.12 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Wees (gelukkig). (1)

5.1.13 Gee ’n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Geniet die skoonheid wat die lewe het om te (bied). (1)

© SACAI KOPIEREG

## 5.2 PRENT

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




*[Bron: Google Images]*

5.2.1 Skryf die onderstaande sin oor as 'n VRAAGSIN.

Die atlete glimlag vir die joernalis. (1)

5.2.2 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies.

Die atlete neem aan (baanitems) deel. (1)

5.2.3 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Die atlete is (ongesond). (1)

5.2.4 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Clarence Munyai dra 'n landsvlag om sy skouers. (1)

5.2.5 Voltooi die VERGELYKING.

Akani Simbine hardloop so vinnig soos ... (1)

5.2.6 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

(Weet/Ken) jy die atlete in die foto? (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [80]**